

# Telematiese Skoleprojek



## 2022 VAKWERKBOEK Graad 10



## EKONOMIE

'n Gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.



Western Cape  
Government

Education



Stellenbosch

UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe



## UITSAAI-SESSIES

### GRAAD 10


Ekonomiese Kringloop  
Sakesiklusse  
Markewewig

Sessie	Datum	Tyd	Onderwerp
English	02/14/2022	16h00-17h00	Circular Flow and Business Cycles
Afrikaans	02/15/2022	16h00-17h00	Ekonomiese Kringloop en Sakesiklusse
English	04/05/2022	16h00-17h00	Market forces
Afrikaans	04/06/2022	16h00-17h00	Markkragte



## INLEIDING

# Ekonomiese kringloop Sakesiklus



## GESLOTE EKONOMIE: DRIE Deelnemers

Huishoudings  
Besighede  
Regering/ Owerheid/ Staat


of

## OOP EKONOMIE: VIER Deelnemers

Huishoudings  
Besighede  
Regering/ Owerheid/ Staat  
Buitelandse Sektor



**TERMINOLOGIE**

Term	Definisie
<p><b>Ekonomiese Kringloop</b></p>	<p>‘n Vereenvoudiging van ‘n diagram wat wys hoe die ekonomie werk.</p>
<p><b>Die Sakesiklus</b></p>	<p>‘n Verskynsel van opeenvolgende periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteite.</p>
	<p><b>GESLOTE EKONOMIE</b></p> <p>SLEGS DRIE DEELNEMERS</p>
	<p><b>OOP EKONOMIE</b></p> <p><b>VIER DEELNEMERS</b></p>
	<p><b>LEKKASIES</b></p> <p><b>ONTTREKING VAN GELD VIR DIE EKONOMIESE SIKLUS (PLAASLIKE EKONOMIE)</b></p>
	<p><b>INSPUITINGS</b></p> <p><b>VERTEENWOORDIG ‘n VERHOGING IN GELD IN DIE PLAASLIKE EKONOMIE (MEER BELEGGING)</b></p>



## TERMINOLOGIE

Term	Definisie
	<p><b>BRUTO BINNELANDSE PRODUK</b> DIT IS DIE TOTALE WAARDE VAN ALLE FINALE GOEDERE EN DIENSTE WAT BINNE 'N SPESIFIEKE TYDPERK, GEWOONLIK 'N JAAR, IN DIE GRENSE VAN DIE LAND GEMAAK WORD.</p>
	<p><b>Sakesiklus</b> word in tydreeks gemeet. Van piek tot piek en trog tot trog</p>
	<p><b>Uitbreiding</b> Dit is wanneer die ekonomie groei en gewoonlik in die herstel- en voorspoedfase is.</p>
	<p><b>Inkrimping</b> Dit is wanneer die ekonomie verlangsaam of afneem en gewoonlik in die resessie- en depressiefase is.</p>
	<p><b>EKSOGENE FAKTORE</b> Faktore wat van buite die ekonomiese stelsel van oorsprong is.</p>
	<p><b>ENDOGENE FAKTORE</b> Faktore wat deel is van die ekonomiese stelsel.</p>



## EKONOMIESE KRINGLOOP

### Huishoudings

Geld, goedere en dienste vloeï tussen huishoudings en sakesektor.  
Eienaars van produksiefaktore.  
Verdien 'n inkomste en betaal belasting aan die regering.

### Sakesektor

Koop produksiefaktore van die faktormark.  
Betaal die huishoudings vir die produksiefaktore.  
Produceer goedere en dienste.  
Verkoop op goederemark aan die huishoudings en regering.  
Verdien 'n inkomste en betaal belasting.

### Regering

Geld, goedere en dienste vloeï tussen die regering, huishoudings en besighede.  
Die regering koop produksiefaktore en betaal daarvoor op faktormark.  
Koop goedere en dienste van besighede en betaal daarvoor.  
Ontvang inkomste deur belasting van huishoudings en besighede.  
Verskaf openbare goedere en dienste.

### Buitelandse Sektor

Invoere word as **lekkasies** gesien, omdat geld die land verlaat.  
Uitvoere word as **inspuitings** gesien, omdat geld die land binnekom.



LET WEL



## SAKESIKLUS

Sakesiklus verwys na die verskynsel van opeenvolgende periodes van toename en afname van ekonomiese aktiwiteite.


**Tendenslyn:** wys die groei van die ekonomie en toon dat dit opwaarts beweeg op die langtermyn.

**Sakesiklus bestaan uit:**

- ✓ Herstel
- ✓ Voorspoed
- ✓ Piek
- ✓ Resessie
- ✓ Depressie
- ✓ Trog

dan begin ons oor ...

Voorbeeld:





## LET WEL



## SAKESIKLUS

**Herstel:** tyd van hernude ekonomiese groei; meer werksgeleenthede en produksie verhoog.

**Voorspoed:** groot mate van optimisme in die ekonomie; entrepreneurs leen meer geld om masjiene en toerusting te koop; indiensnemingsvlakke styg; kan lei tot inflasie.

**Resessie:** daar is negatiewe ekonomiese groei vir TWEE opeenvolgende kwartale; werk gaan verlore en 'n gevoel van pessimisme heers.

**Depressie:** nie EEN land kan in depressie gaan nie, dit is 'n wêreldgebeurtenis; geldtekort lei tot afname in besteding; negatiewe impak op beleggingsbesteding.

Wanneer ekonomiese aktiwiteite op sy laagste is, word 'n **trog** bereik.

### Eksogene Faktore

- ✓ Buite ons beheer en is sleg vir die ekonomie.
- ✓ Politieke skokke; Weer; Onluste, ens. Dit het 'n negatiewe invloed op die groei van die ekonomie.
- ✓ Dit kan nie beheer word nie.

### Endogene Faktore

- ✓ Is deel van die ekonomiese stelsel.
- ✓ Uitbreidingsfase bevat ook meganismes wat uiteindelik 'n inkrimping van ekonomiese aktiwiteite veroorsaak.
- ✓ Wanneer daar 'n toename in die vraag na buitelandse goedere is, beïnvloed dit die betalingsbalans negatief.
- ✓ Rentekoerse kan styg.





## KONSEPTE



## EKONOMIESE KRINGKLOOP

## WAT JY MOET WEET



## VOOR

Geen ekonomiese groei – geen produkte en geen werk nie; geen geld om goedere en dienste te koop nie. Geen regering om openbare goedere en dienste te verskaf nie.

## GEDURENDE

Goedere en dienste word deur besighede vervaardig. Huishoudings ontvang 'n inkomste en koop goedere. Die regering ontvang belasting en verskaf openbare goedere en dienste. Goedere word uitgevoer en ingevoer.

## NA

Behoeftes en begeertes word voorsien en die ekonomie groei, wat beteken die regering, huishoudings, besighede en buitelandse sektor werk almal saam.

Ons kry **GESLOTE** en **OOP EKONOMIESE** stelsels

In Suid-Afrika het ons 'n oop ekonomie, omdat ons met ander lande handel dryf.

**Inspuitings** is goed vir die land, omdat geld in die ekonomie invloei en goedere uit.

**Lekkasies** is sleg vir die land, want goedere vloei in, maar geld vloei uit.






## KONSEPTE



### BESIGHEIDSIKLUS

WAT JY MOET WEET



#### VOOR

Lae ekonomiese groei lei tot inkrimping/afswaai, verlies aan werksgeleenthede en resessie. Ons beland in 'n trog.

#### GEDURENDE

Wanneer die ekonomie herstel en daar 'n uitbreiding/opswaai is. Meer werksgeleenthede word geskep, wat tot welvaart lei.

#### NA

As welvaart gebeur – het Suid-Afrikaners 'n beter toekoms en kan armoede verminder word

**TENDENSLYN:** Die ekonomie groei gedurig al is dit stadig.

**UITBREIDING:** Wanneer daar 'n algemene toename in ekonomiese aktiwiteite is.

**INKRIMPING:** Wanneer daar 'n algemene afname in ekonomiese aktiwiteite is.

**LENGTE:** Ons meet 'n sakesiklus van 'n piek tot 'n piek en 'n trog tot 'n trog.

**SAMESTELLING:** Herstel; Voorspoed; Resessie en Depressie.



**SESSIE 1 | AKTIWITEIT**



**WERKBLAD 1**

**EKONOMIESE KRINGKLOOP**

Beantwoord in die spasio wat voorsien is.

**WERKBLAD 2**

**SAKESKILUS**

Antwoord in die spasio wat voorsien is.

**Vraag 01**

Hoeveel deelnemers is in 'n oop ekonomie?

**Antwoord 01**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 02**

Hoekom is lekkasies sleg vir 'n land se ekonomie?

**Antwoord 02**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 03**

Verduidelik die term BBP

**Antwoord 03**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 01**

Waarom het Suid-Afrika geen beheer oor eksogene redes vir 'n sakesiklus nie?

**Antwoord 01**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 02**

Hoe word 'n sakesiklus gemeet?

**Antwoord 02**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 03**

Wat is die laagste punt in 'n sakesiklus?

**Antwoord 03**

-----  
 -----  
 -----  
 -----



## KLASBESPREKING

### Probleem 01

Hoe kan die Suid-Afrikaanse ekonomie van 'n hulpbron – na 'n uitvoereconomie verander word?

### Probleem 03

Hoe kan Suid-Afrika se ekonomie groei van 6% toon om armoede te stop?

### Probleem 02

Wat moet in die ekonomie gebeur om meer werksgeleenthede te skep en om die werkloosheidskoers van 33,4% te verlaag?

### Probleem 04

Is die huidige stelsel van SASSA volhoubaar in ons ekonomie en hoe kan dit verander word?



## OPSOMMING

### Opsomming 01

Ekonomiese kringloop is 'n vereenvoudiging van hoe die ekonomie werk.

### Opsomming 03

Sakesiklus verwys na die verskynsel van periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteit.

### Opsomming 02

Daar is VIER deelnemers aan 'n oop ekonomie en Suid-Afrika het 'n oop ekonomie, omdat ons met ander lande handel dryf. Ons grootste handelsvennoot is China

### Opsomming 04

Hoe langer 'n lengte van 'n sakesiklus is, hoe sterker is die ekonomie. Elke ekonomie wil 'n uitbreiding/opswaai hê, want dit beteken werkskepping. 'n Inkrimping/afswaai is slegte nuus, omdat mense hul werk verloor en dit lei tot armoede.

“ Die toekoms behoort aan diegene wat glo in die skoonheid van hul drome. ”

— Eleanor Roosevelt





## INLEIDING

# Markkragte/Prysteorie

## VRAAG

	PRYS VAN PIZZA	HOEVEELHEID GEVRA
A	R1.00	100
B	R2.00	80
C	R3.00	60
D	R4.00	40
E	R5.00	20



## VRAAG:

•Die hoeveelheid goedere en dienste wat voornemende kopers bereid is om teen 'n gegewe prys binne 'n gegewe tydperk te koop.


## AANBOD:

•Aanbod is die hoeveelheid goedere of dienste wat produsente beplan om te verkoop of bereid is om teen elke moontlike prys gedurende 'n spesifieke tydperk te verkoop

**Hoe hoër die prys, hoe laer die hoeveelheid aangevra, Ceteris Paribus – Wet van Vraag**



## VRAAGKURWE:



Oor die algemeen het die vraagkurwe 'n afwaartse helling of 'n negatiewe gradiënt. Hoekom? Dit stel die Wet van vraag voor.


### DIE WET VAN VRAAG

- Indien die prys van die produk toeneem (styg), sal die hoeveelheid wat aangevra word, afneem (daal).
- Indien die prys van die produk afneem (daal), sal die hoeveelheid aangevra toeneem (styg).

### FAKTORE WAT VRAAG BEÏNVLOED

- Die prys van die produk
- Die prys van verwante produkte
- Die inkomste van die verbruiker
- Smake en voorkeure van verbruikers
- Die grootte van huishoudings
- Die weersomstandighede

### VERSKUIWING VAN DIE VRAAGKURWE



Verskuiwing na regs – Hoeveelheid gevra neem toe  
 Verskuiwing na links – Hoeveelheid gevra neem af




## AANBOD

### AANBODSKEDULE:

Hoe laer die prys = minder hoeveelheid sal verskaf word, Ceteris Paribus

	PRYS VAN OPGESTOPTE DIERE	HOEEVEELHEID AANGEBIED (OPGESTOPTE DIERE)
A	5	0
B	10	100
C	15	200
D	20	300
E	25	400
F	30	500
G	35	600
H	40	700
I	45	800
J	50	900

### AANBODKURWE:



- Oor die algemeen het dit 'n opwaartse helling of 'n positiewe gradiënt.
- Hoekom? Dit is die Wet van Aanbod.



## AANBOD

### WET VAN AANBOD


- As die prys van die produk toeneem (styg), sal die hoeveelheid wat aangebied word, toeneem (styg), ceteris parabus.
- As die prys van die produk afneem (daal), sal die hoeveelheid wat aangebied is ook afneem (daal), ceteris parabus.

### • Faktore wat die hoeveelheid aangebied beïnvloed

- Die pryse van goedere en dienste
- Die pryse van alternatiewe goedere en dienste
- Die prys van die produksiefaktore
- Die tegnologie

### VERSKUIWING VAN DIE AANBODKURWE

- Wanneer die aanbodkromme na regs beweeg = 'n toename in aanbod
- Wanneer die aanbodkromme na links beweeg = 'n afname in aanbod






## PRYSVORMING

- Pryse word gevorm deur die interaksie van VRAAG en AANBOD
- Pryse word gewoonlik in 'n mark gevorm
- 'n Mark kan enige plek of situasie wees
- 'n Mark bestaan uit kopers (vraag) en verkopers (aanbod)

## VRAAG- EN AANBODSKEDULE

Prys van Wilson blokke	Hoeveelheid aangevra	Hoeveelheid aangebied
R0.50	100	20
R1.00	80	40
R1.50	60	60
R2.00	40	80
R2.50	20	100





## AKTIWITIET



### Werkblad 1

#### VRAAG

Beantwoord die vrae in die spasie wat voorsien is.

#### Vraag 01

Beskryf die Wet van Vraag

#### Antwoord 01

-----  
 -----  
 -----  
 -----

#### Vraag 02

Noem TWEE faktore wat vraag beïnvloed

#### Antwoord 02

-----  
 -----  
 -----  
 -----

#### Vraag 03

Waarom sal die vraagkurwe na regs verskuif?

#### Antwoord 03

-----  
 -----  
 -----  
 -----

#### Vraag 04

Maak gebruik van die vraagskedule hieronder en teken die vraagkurwe.

Prys van Wilson blokke	Hoeveelheid aangevra
R 0.50	100
R 1.00	80
R 1.50	60
R 2.00	40
R 2.50	20



**SESSIE 2 | AKTIWITEIT**



**WERKBLAD 2**

**AANBOD**

Beantwoord die vrae in die spasio wat voorsien is.

Prys van Wilson blokke	Hoeveelheid aangebied
R 0.50	20
R 1.00	40
R 1.50	60
R 2.00	80
R2.50	100

**Vraag 01**

Beskryf die Wet van Aanbod

**Antwoord 01**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 02**

Noem TWEE faktore wat aanbod beïnvloed

**Antwoord 02**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 03**

Waarom sal die aanbodkurwe na links verskuif?

**Antwoord 03**

-----  
 -----  
 -----  
 -----

**Vraag 04**

Maak gebruik van die aanbod - skedule hieronder en teken die aanbodkurwe.



## PRYSTEORIE

Gebruik die vraag- en aanbodskedule hieronder, en teken op dieselde asse die vraag-en aanbodkurwe

Prys van Jive koeldrank	Hoeveelheid aangevra	Hoeveelheid aangebied
R 5.00	100	20
R 6.00	80	40
R 7.00	60	60
R 8.00	40	80
R 9.00	20	100

## OORSIG VAN VANDAG SE LES

### Opsomming 01

Vraag verwys na die hoeveelheid goedere en dienste wat voornemende kopers bereid is om teen die gegewe prys binne 'n gegewe tydperk te koop.

### Opsomming 03

Aanbod is die hoeveelheid goedere en dienste wat produsente beplan om te verkoop of bereid is om te verkoop teen 'n spesifieke prys, gedurende 'n spesifieke tydperk.

### Opsomming 02

Vraagkurwe het 'n afwaarste helling (negatief) wat vanaf links onder na regs bo beweeg.

### Opsomming 04

Aanbodkurwe het 'n positiewe helling wat begin vanaf links onder na regs bo.

